Tjokkie WEEKBLAD

19 Februarie 2021 Uitgawe: 2/1/2021

UIT DIE KANTOOR

Ons is opgewonde om te rapporteer dat die skoolbywoning vir die eerste week bykans 100% was, wat ’n aanduiding is dat ouers verheug is dat die skool uiteindelik kon begin. Baie welkom aan ons nuwe Gr.1-leerders en hulle ouers. Ek glo na die eerste week sal hulle sommer vinnig die roetine van die groot skool kan baasraak. Na ’n week van harde werk verdien die kinders beslis ’n bietjie bederf en wat is dan nou lekkerder as om die week met ons Valentynsdag te kon afsluit.

Baie dankie aan ons Tjokkie-raad en hul ouers vir die pragtige versiering van die terrain, asook al die hulp met die verkope gedurende die afgelope week. Die geskenkies wat verkoop is, spreek van sorgvuldige beplanning en daar was ietsie vir elke leerder se sak. Dit is so lekker om die opgewondenheid van die leerders te ervaar. Die stoepe was maar stil die afgelope twee maande. Baie dankie vir die bederf met heerlike eetgoed vir die personeel. Dit word opreg waardeer.

VERKEER

Soos in my kennisgewing vroeër die week, het die toename in verkeer die meeste ouers onkant gevang. Na ’n week van proefnemings en voorstelle deur ouers, gaan die volgende addisionele aanpassings gedoen word:

- **VANAF MAANDAG 22 FEBRUARIE SAL ROSS-STRAAT WEER AS ’n EENRIGTINGSTRAAT TYDENS SPITSTYE FUNKSIONEER.**
- **KEGELS SAL IN DIE MIDDAE IN LOUIS BOKSINGEL, AAN DIE LINKERKANT VAN DIE PAD, UITGEPAK WORD SODAT DAAR NIE PARKEER KAN WORD NIE. UIT DIE WEEK SE PROEFNEMING HET DIT ’n DUIDELIKE POSITIEWE UITWERKING OP DIE VLOEI VAN DIE VERKEER GEHAD. OUERS KAN EGTER STEEDS AAN DIE LINKERKANT VAN DIE PAD OM DIE SINGEL PARKEER.**
- **DIE SYPAADJIE-HOEK BY HEK 1 SE UITGANG, IS AANGEPAS SODAT DAAR MAKLIKER IN DIE STRAAT INBEWEEG KAN WORD.**

KOMMUNIKASIE – d6

Goeie kommunikasie met u is vir ons 'n prioriteit. Daarom het ons besluit om voortaan die ***d6 Connect*** toepassing te gebruik om met u te kommunikeer.

Van die grootste voordele wat dit inhou, is dat die toepassing gratis is en direk geïntegreerd is met ons administratiewe stelsel. Hierdie toepassing maak dit net soveel eenvoudiger, vir beide ons en vir u, om met mekaar te kommunikeer. Die toepassing stel ons in staat om relevante inligting met u te deel en sluit onder andere belangrike kennisgewings, kalender gebeurtenisse, hulpbronne en kontak inligting in.

Ons nooi u uit om die toepassing af te laai en in effektiewe verbinding met ons te wees. Tjokkies wil graag teen **5 Maart 2021** volkome oorskakel na die ***d6 Connect*** stelsel en sal inligting voortaan slegs daarop beskikbaar wees.

d6 connect

GET IT ON Google play

Download on the App Store

SPORT

Tjokkies begin volgende week met sportoefeninge. Die Beheerliggaam het goedkeuring gegee dat ons met die volgende sport- en kultuuraktiwiteite mag begin:

- Netbalvaardighede
- Rugbyvaardighede
- Krieketvaardighede
- Skaak
- Tennis
- Sportakademies
- Voortrekkers
- Redenaars
- Musieklesse

Die volledige buitemuurse rooster is op die D6-kommunikeerder beskikbaar.

BELANGRIK:

Die leerders ontvang vandag 'n Covid-19 sport/kultuur ondernemingsvorm wat voltooi moet word en Maandag by u kind se klasonderwyser ingehandig moet word. Sonder hierdie vorm sal u kind ongelukkig nie toegelaat word om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem nie.

VERJAARSDAE

28 Febr.: Juf. Marika Els (Gr. 2A)

Baie geluk!

HUMOR en INSPIRASIESPASIE…

Wat is sukses?

"Om dikwels en baie te lag; om die respek van intelligente mense en die toegeneentheid van kinders te wen; om die waardering van eerlike kritici te verdien en die verraad van valse vriende te verduur; om die skoonheid te waardeer, om die beste in ander te vind, om die wêreld 'n bietjie beter te laat of deur 'n gesonde kind, 'n tuin of 'n maatskaplike toestand: om te weet selfs net een lewe was makliker omdat jy geleef het. Dit is om sukses te behaal."

– RALPH WALDO EMERSON

INLIGTINGSAAND

Let asb. op na die verskillende lokale waar ouers moet aanmeld vir volgende week se ouer-inligtingsaand.
Skandering sal by hek 1 en hek 4 gedoen word.
(Slegs 1 ouer per gesin sal toegelaat word)

Graad	Lokaal	Datum
Gr.1	➢ In Gr. 1 klaskamers	22/02/2021
Gr.2	➢ 2A in Rekenaarlokaal ➢ 2B in lokaal 54 ➢ 2C in lokaal 53 ➢ 2D in lokaal 52 ➢ 2E in Personeelkamer	22/02/2021
Gr.3	➢ 3A in Personeelkamer ➢ 3B in lokaal 54 ➢ 3C in Ouditorium ➢ 3D in lokaal 53 ➢ 3E in lokaal 52	23/02/2021
Gr.4	➢ 4A in Rekenaarlokaal ➢ 4B in lokaal 36 ➢ 4C in lokaal 37 ➢ 4D in lokaal 38	23/02/2021
Gr.5	➢ 5A in Rekenaarlokaal ➢ 5B in lokaal 54 ➢ 5C in lokaal 53 ➢ 5D in lokaal 52	24/02/2021
Gr.6	➢ 6A in lokaal 43 ➢ 6B in lokaal 44 ➢ 6C in lokaal 45 ➢ 6D in lokaal 46	24/02/2021
Gr.7	➢ 7A in Rekenaarlokaal ➢ 7B in lokaal 52 ➢ 7C in lokaal 53 ➢ 7D in lokaal 54	25/02/2021

ALGEMEEN

RITMEGROEP
Ritmegroep oudisies vir nuwe leerders van Gr. 4-7 vind binnekort plaas. Hou die WEEKBLAD dop vir verdere inligting. Oefeninge skop af in die 2de kwartaal.

VOORTREKKERS
Die Voortrekkers ontvang op Maandag, 22 Februarie, 'n spesiale skrywe om u as ouers in te lig. Kyk asb. uit daarvoor.

NETBAL
Maandag, 22 Februarie, begin ons per ouderdomsgroep met netbalvaardighede (sien buitemuurse rooster vir tye). Elke speelster moet:

® Met masker opdaag
® 0/7 : eie nr. 4 netbalbal, tekkies en water saambring (gemerk)
® 0/8 – 0/10 : eie nr. 4 netbalbal, springtou en water saambring (gemerk)
® 0/10 – 0/13 : eie nr. 5 netbalbal, springtou en water saambring (gemerk)

Voltooi ook die ondernemingsbrief rakende Covid-19 vir sport en stuur Maandag na die klasonderwyser.

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S

Klas- en individuele foto's word op **9 Maart 2021** geneem.
Klasfoto's beloop **R30** elk en die individuele pakkette beloop **R70.**
Pakkette sluit in: 1 Vergroting 15 x 22cm
+ 2 Jumbo's 10 x 15 cm
+ 4 ID-foto's + 'n boekmerk met foto en die skoolwapen.
Die foto's sal geknip en netjies verpak word vir u gerief. Daar word nie meer boetie/ sussie-foto's of maatjie-foto's geneem nie. Gebruik asseblief die **Karri-Toep vir alle foto-bestellings.**

Let wel: Geen kontant sal aanvaar word nie.
Betalings kan vanaf **22 Februarie 2021** op Karri gemaak word.
Die sluitingsdatum vir alle bestellings is **8 Maart 2021.**

DANKIE

Netbal en tennis bedank Traxdor vir die skenking van 2 saniteerhouers wat by die bane opgesit kan word.

Tjokkies waardeer die ondersteuning!

FACEBOOK

Gaan "like" gerus ons Facebook-blad, ***Primêre Skool Universitas - Tjokkies*** om meer van Tjokkies se doen en late te sien.

BEHEERLIGGAAM-VERKIESING

Tjokkies se beheerliggaamverkiesing van ’n nuwe beheerliggaam vind op 17 Maart plaas. Indien u voel om uself beskikbaar te stel om te dien op die beheerliggaam en u meer wil uitvind wat dit behels, is u welkom om een van die huidige lede of die skoolhoof te kontak. Meer inligting rakende die proses sal in volgende week se Tjokkie-WEEKBLAD verskyn.

SNUFFELS

Liewe Ouer

Benodig jy hulp en hoop met jou kind se akademie?
Ek het reeds hierdie jaar 6 studiekursusse aangebied om ouers en kinders ‘n leer- en huiswerk-hupstoot te gee. Met ons studiekursus leer die ouer en kind hoe om te leer!

Ons kursusgroepies is klein! Kontak my om plek te bespreek. Die volgende kursus is op 26 Februarie. Sien die webblad vir verdere datums

Renate Boshoff - Sel: 082 3044 262
https://www.merkegereedweet.com

merke.gereed.weet!